December 15, 2025 | Special Edition

# Christmas Toucher

## WARM GREETINGS

Wishing you a joyful holiday season filled with love, laughter, and cherished moments. May this Christmas bring peace and happiness to you and your family.

## HOLIDAY HIGHLIGHTS

Festive gatherings with loved ones

Christmas carols and joyful melodies

Sweet treats

The joy of giving and sharing

My goeie rolbalvriende dit is met n onrusbarende kwelling dat mens besef ,die jaar is
verby en Kersfees en die jaar 2026 is om die draai.
Onrusbarend omdat die tyd so vining verby vlieg en ons as mens nie n manier het
om die tyd te verlangsaam of om dit te kan laat ophoop nie
Al wat ons kan doen is om die tyd wat ons het, so doelgerig en sinvol te gebruik as
wat ons kan.
Daarom hoop ek dat elkeen net kan stil word en dankbaar kan voel oor wat hierdie
jaar vir jou beteken het.
Vir ons as n klub wil ek beweer dat hierdie afgelope jaar een van die opwindendste
jare ooit was.
Die rede hiervoor is omdat daar onder andere drie uitsondelike gebeurtenisse was
wat vir ons as lede uitgestaan het en waarvan een ook n eerste was wat in Gauteng se rolbal omgewing plaasgevind het

- Die eerste gebeurtenis was die opknapping van ons perke wat onderleiding van Dave van Oudshoorn en Willem van Zyl ons terrein en speelbane in n heel ander liga ingeplaas het. Die beplanning, koordinasie ,tyd, harde werk, onbaatsugtige deelname en geldelike hulp van ons lede het alles saamgewerk om ons perseel en perke op n standaard te plaas wat nog lank oor gepraat gaan word. Ons almal is trots om deel hiervan te wees en glo ons gaan alles in ons vermoe doen om hierdie standaard van die perke te handhaaf.

- Die tweede gebeurtenis was die aanbieding van die eerste Presidentsbeker op 24 September . Onder leiding en eie inisiatief van Leon Smith het Centurion rolbalklub die toernooi aangebied en as gasheer opgetree van 24 Gautengse klubs. N Tradisie daar gestel wat ons glo nog jare sal voortduur. Weereens het Centurion se bestuur onderleiding van Jurg Odendaal en ons lede saam hande gevat,saamgewerk en gehelp om die dag n meesterstuk te maak.

- Die derde gebeurtenis is die ontwikkeling van n fondsinsamelingsbeen wat daarop uit is om instansies, groepe en besighede uit te nooi om hul spanbou , jaar afsluitings of bymekaarkom geleenthede by ons Rolbal klub te hou. Bo en behalwe die bron van inkomste gee dit ons die geleentheid om rolbal aan hulle voor te stel en ons klub op die manier te bemark.Onder leiding van Jurg Odendaal en Karien Roos is daar n resep uitgewerk wat ons lede inspan om afrigting te doen , spyseniering en kroegfasiliteite aan te bied en so die dag vir die besoekers onvergeeflik maak.  Ons lede se vrywillige hulp tydens sulke geleenthede is van onskatbare waarde en bou dit ook aan ons eie spangees wat n kultuur van samewerking , ondersteuning en lojaliteit teenoor die klub te weeg bring. Ons dank elke lid hiervoor

Met al die werksaamhede nou meesal afgehandel is dit nou die tyd om rustig te raak gedurende die laaste maand van die jaar en te dink aan die herdenking van Christus se geboorte. Ek wens elke lid van die klub n geseende Kersfees toe. Hoop jy kan dit vier saam met jou geliefdes en die wat jou lief het. Baie van ons het familie en geliefdes  in die buiteland en dis swaar in die tye . Maak seker jy het n plan om hulle te kontak op Kersdag. Indien jy met vakansie gaan of net weggaan, wees veilig .  Vir die wat wel in die omgewing is , onthou die 16de en die 31ste Desember word jy enmjou familie uitgenooi om feestelike rolbal te geniet.

Sien jou weer volgende jaar
Rolbal groete

Tertius van de Venter

# YEAR IN REVIEW



**Hierdie jaar was vol herinneringe, groei en mylpale. Soos ons afsluit, is ons dankbaar vir elke verbintenis, ervaring en geleentheid wat 2025 onvergeetlik gemaak het.**

**SPESIALE BOODSKAP**

GESEËNDE KERSFEES EN 'N GELUKKIGE NUWE JAAR

Hierdie toucher beklemtoon slegs 'n paar van die wonderlike gebeurtenisse wat deur die jaar plaasgevind het

# GEBEURE GEDURENDE DIE JAAR

## Einde van n goeie liga seisoen – Jan







## Valentynsdag





## Twilight





## Weesgerus













## Pretty Women












## Cancer Day

CANSA Active Feel Good Fun







## Battle of the Sexes











# Presidents Cup











# 2:4:2 Spit Braai













# Boodskappe

Is rolbal verslawend?
Rolbal is verslawend, want sodra jy daai eerste perfekte skoot rol, is jy vasgevang. Dit is soos ‘n gratis dopamien-inspuiting, minus die dokter en die papierwerk. Elke skoot voel soos ‘n kans om jou innerlike kampioen te wys en elke verkeerde lyn voel soos ‘n kans om die wind te blameer. Voor jy jou oë uitvee, beplan jy jou week rondom sosiale spel, wedstryde en kompetisies.
Rolbal: die enigste sport waar jy ewe veel sweet, lag en verslaaf raak – op die heel gesondste manier.

Korporatiewe dae 2025
Dankie aan elke helper vir julle ongelooflike ondersteuning en toewyding. Julle het elke korporatiewe dag wat ons aangebied het, nie net moontlik gemaak nie, maar ‘n ware sukses. Julle spanwerk, bereidwilligheid en positiewe gees maak van ons ‘n staatmaker- span, waarop ‘n mens altyd kan reken. Julle word opreg waardeer!

Karien en Jurg

Home is where the heart is – Centurion Bowls club is the home away from home for many of our members. The club gives us a sense of belonging. We show an interest in each other’s lives and make each person feel cared for. Since joining the club, I look forward to my Tuesday and Thursday mornings. Not only to play bowls but to the friendly chats before play and during teatime, and the banter on the green. There is always friendly faces before and after the game showing real interest in how you are doing. To each and every one of you thank you for making me feel so welcome.

Christmas greetings

Kirsten

Dit is alweer Kersfees Jack kan jy dit glo?

Ja Kitty, dit is Kersfees en dit is tog interessant dat die bekoring van Kersfees deur die jare behoue bly, of jy nou 5-, 50- of 85 jaar oud is. Kersfees laat oud en jonk elke jaar wonderlike drome droom oor miskien 'n besondere geskenk, kuiers met geliefde vriende en familie, eksotiese vakansie bestemmings, vrede, goeie gesondheid.....
die moontlikhede is nimmer eindigend.

Drome laat my telkens terug dink aan die Titanic. Sy het ook bekend gestaan as die Skip van Drome. 'n Skip met indrukwekkende eienskappe. Die Koningin van die See! Gekelee in weelde! Aan boord was Franse kafees, eksotiese Turkse baddens, Viktoriaanse versierings, uitgesoekte skilderyre en talle ander eksklusiewe status simbbole en luukshede, te veel om op te noem. Haar anker is met 20 perde vanaf die fabriek tot by die skip getrek.

Indrukwekkend, asemrowend. 'n Ingenieurs droom wat realiteit word. Ryk en arm droom daarvan om tog net aan boord van die Titanic te kan kom. In 'n koerant in 1912 is daar vermeld dat dit 'n onsinkbare skip is. Daar is geskryf dat self God nie die skip kan laat sink nie! Helaas! Sondagaand 12 April 1912 sink die Titanic! 1500 mense sterf tydens die ramp. Te min reddingsbote.

Daar is gepoog om eerste al die rykes en vernames aan boord te red. Later het vroue en kinders voorkeur gekry op n kans op redding.
Meeste van die mense aan boord van die Titanic het weens verkluiming in die ysige
water hul lewens verloor.

Die verhaal van die man wat met sy baba in sy arms ŉ kinderlose vrou tegemoed hardloop en sy baba in haar arms druk is hartverskeurend. Hoeveel drome het hy vir homself gehad, hoeveel drome het n ouer vir sy kind? Hoeveel drome het hy in daardie vlietende oomblik prysgegee? Hy offer sy kans op redding op vir sy kind. Hy plaas alle vertroue in hierdie vreemde jong vrou om sy kosbaarste besitting, sy kind, aan haar toe te vertrou. Wat is die grootste geskenk wat hy op daardie oomblik aan sy kind kan gee? Die moontlike kans op redding. Die geringe kans om hierdie onvoorsiene ramp te oorleef.

Jack ek sukkel so om gepaste geskenke te kan gee. Loop ure in winkels het my hande in my hare. Wat koop ek as geskenk vir my geliefdes ? Wat is tog die grootste geskenk wat ons vir mekaar kan gee Kitty? Ons weet dat ons almal se lewensreis iewers soos die Titanic tot n einde sal kom en gaan sink. Het jy al die reddingsboot van Jesus gehaal Kitty? Met

Kersfees sit God weereens sy Kind in jou arms. Wie wil in die koue water rond dobber as Jesus reeds vir jou plek op sy reddingsboot voorberei het?
Jack ek dink gaan hierdie reddings verhaal my eie maak. Ek wil daarna streef om elke nuwe dag dit in eenvoud uit te leef, sonder vertoon en groot woorde. Ek gaan poog om dit met dade en diensbaarheid uit te leef. Dit gaan my geskenk wees aan my familie en geliefdes om my en aan my rolbalvriende.

Mag ons almal die warmte van omgee en liefde ervaar en nie eensaam en alleen in
die ysige koue see van ongenaakbaarheid rond dobber nie.
Geseënde Kersfees
Rolbalgroete,

Jack en Kitty

# Korporatiewe funksies










# Differently Abled






# Jaareindfunksie












## The Greens

“There are things you know you know; there are things you know you don’t know, but the danger lies with those things you do not know you don’t know” Anon
To be the Club Greenkeeper (GKP) is normally not a ruminative profession and is reserved mainly for those club members that have reached a point in life where they are available to spend time on managing a bowls green as a “ labour of love” for their club. In many cases, learning all the intricacies of a lawn bowls green takes time that involves a lot of research and "trials and errors”.

Club members expect a perfect green and are very critical if it does not happen, especially if they had a “not so good” game. The players have a specific expectation of the greens that include, but is not limited to, a bowl that run smoothly and evenly without anything on the green diverting the bowl from its original course, the draw that must be of the same width and weight for both the forehand and backhand, for any position of the jack on the rink and perhaps the most important one is a green that run at a reasonable speed.



2025 was not an exception to this expectation and in hindsight it must be expressed that the expectation increased. The club invested into sending two of its members, Dave van Oudtshoorn and Willem van Zyl, to The Nest to partake in a Greenkeepers Level 1 course which both successfully completed. They were respectfully selected and appointed as the Greenkeeper and Assistant-Greenkeeper taking over from Bosman Olivier who held the reins for the past year. With their restricted but newly acquired knowledge both grabbed the opportunity to develop the greens to a high standard. There were numerous challenges ranging from footmarks on over-used rinks, low standard top-soil, formed fungus, insects, weeds and foreign grass on large parts of the greens, linking this to “trail and error”, and one will understand the severe impact it had on preparation time.



With effort and much support from the club and its members, Centurion Bowls Club presented the President’s Cup on 24 September 2025 and commenced contributing to BGN Mens and Ladies League games from 15 November 2025. The greens will be ready for bigger competitions that will ultimately culminate in presenting the SA Men's National Championship in May 2026.
There are still patches on both greens that need attention and the team are working tirelessly to get both greens to the perfection and standard of our greatest but best critics: our players.

We are grateful to every club member that contributed in any way whatsoever. Thank you for every positive critique but also to all the kind words of thanks and encouragement. 2025 was a very productive year for the greens, its development and its management. We are on course to achieve greatness. As Greenkeepers, we understand that “the one that keeps going, wins” and that is just what we will do. We will persevere to ensure that Centurion Bowls Club has the best greens in BGN. One that all can be proud of.

Dave and Willem
Your “faithfull forever trying” Greenkeepers











## Farewell



## Godfrey



On 27 November it was the end of an era when municipal worker Godfrey Mashabelo retired after 34 years at Centurion Bowls club. A farewell function was held for him where he also received a gift from the club.





## Woorde van die redakteur

Eerstens: Baie dankie aan Kirsten vir die inisiatief vir hierdie Kersuitgawe van die Toucher. Mag die lees en kyk weer aangename herinneringe oproep!

Vanuit die “stoel” van die Toucher hartlike dank aan al die medewerkers, ook weer vir hierdie jaar. ’n Spesiale dankie aan Dawie Hanekom vir sy reusebydrae oor baie jare om elke uitgawe van die Toucher so mooi af te rond met foto’s en afwerking.  Dawie het nou die tuig neergelê. Aan Kirsten, wat sy taak oorgeneem het, ’n baie groot dankie, ook by voorbaat vir die komende uitgawes.

Aan elke mede-klublid: Allerbeste wense vir ’n mooi Kersgety. En laat ons voortgaan om in die klub vir mekaar “Touchers” te wees.

Gerrit Kamper

Merry Christmas